Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woensdag, 12 Oktober 1949 Prys 3d. No. 47

## RAPPORTREIS BEGIN

Die eerste rapportryers na die Voortrekkermonument het hierdie week vertrek uit Hartenbos, hoofkwartier van die A.T.K.V. waar die Ossewaens in 1938 ook hul reis begin het. In Suidwes-Afrika het die rapportryers reeds verlede week in die pad geval.

Die vertrek in Kaapstad vind op 25 Oktober plaas by watter geleentheid 'n groot perdekommando in optog deur die strate sal gaan.

## SY HET ONS NA ONAFHANKLIKHEID VOORGEGAAN

„Geen pen kan ooit beskryf wat die heldinne van ons volk deurstaan het sedert die lente van 1900 nie. Op vlug voor die vyand na die bosse en berge . . . en toe na maande van vergeefse rondvlug eindelik deur die vyand in gevangeniskampe gestop, waar hulle self doodkrank hulle kinders moes sien begrawe, en waar hulle moes hongerly omdat hulle die slegte vleis en nog erger meel nie kon eet nie en geen brandstof gehad het om mee te kook nie — week na week, maand na maand, jaar na jaar sit hulle en peins oor en verlang na en verknies oor hulle mans en seuns, wat miskien reeds doodgeskiet is. Is daar ooit so 'n skouspel van smart in die wêreld te sien gewees? Die lewe van die man op die veld, al is dit hard, is gemaklik vergeleke met die gestadige dood van hulle dierbares in die gevangenis.

„En tog bly die vroue wonderlik sterk; byna al die briewe wat uit hierdie gevangeniskampe gesmokkel word, moedig die mans aan om tot die dood toe te volhard en om nimmer skande oor hulle naam en familie te bring deur oor te gee nie . . . Ek dink nie daar was ooit 'n edeler skouspel onder die mensegeslag te sien en een waar die menseheid met meer reg trots op kan wees as hierdie van die Boervrou nie. Haar stille onderwerping aan smart gaan ons voor op die weg na onafhanklikheid; haar edel en heldhaftige karakter is die waarborg vir ons grootheid in die toekoms." (Uit die verslag van die gewese staatsekretaris, genl. J. C. Smuts, aan pres. Kruger tydens die oorlog.)

# DIE VOLK HERDENK SY VRYHEIDSTRYD

**Die Vryheidstrewe vleg soos 'n goue draad deur die geskiedenis van die Afrikanervolk.**

**Hierdie strewe het die baanbrekende Trekboer van die agtiende eeu wat getrek het agter weivelde aan omgebou tot die volksbewuste Voortrekker van die negentiende eeu wat getrek het agter die Republiek aan. Dit het die boeregemeenskap omgebou tot die Boerevolk en dit het eindelik alle huisgesinne wat die Afrikaanse taal praat, saamgetrek in die Afrikanervolk.**

**Hierdie strewe het sy eerste staatkundige neerslae gevind in die klein republikies van Swellendam en Graaff-Reinet.**

**Hierdie strewe het die Groot Trek verruim tot 'n Volkstrek wat uitgemond het in die vrye Afrikaner-Republieke benoorde die Oranjerivier.**

**Die Vryheidstrewe was verantwoordelik vir die eeuelange botsing tussen Boer en Brit in Suid-Afrika. Eersgenoemde het die inheemse vryheid verdedig teen die uitheemse verknegting waaraan laasgenoemde hom wou onderwerp.**

**Die Vryheidstryd en die reeks helde wat die stryd opgelewer het, verteenwoordig die trotse tradisie van die Afrikanervolk.**

**Die volhardende en meedoënlose stryd tot verknegting van die Afrikanervolk verteenwoordig die aggressiewe Britse tradisie in Suid-Afrika.**

**Vyftig jaar gelede, op 11 Oktober 1899, het die Brit die grootste vryheidstryd in Suid-Afrika ontketen. Die stryd het ontwikkel tot die heldhaftigste en taaiste poging tot ontworsteling aan die knegskap wat die aggressiewe Brit êrens in die wêreld ervaar het.**

Die stryd het in 'n noodgedwonge kompromis doodgeloop. Die Britse vlag sal oor heel Suid-Afrika wapper — maar die republieke moet binne afsienbare tyd selfbestuur kry.

Die heroïsme van die stryd het die Afrikaners van die Kaap tot aan die Limpopo en van die Limpopo tot aan die waters van die Nyl saamgesnoer tot 'n bewuste volk soos nooit tevore nie. En voortaan sou hierdie worstelstryd die vernaamste bron van inspirasie wees waaruit Afrikaners sou put om onverpoosd voort te veg vir vryheid.

### TWEEKEER

Sedert hierdie stryd het die Afrikanervolk tweekeer die Veroweraar met die vuis bygedam — tydens die Eerste Wêreldoorlog met gewere en tydens die Tweede Wêreldoorlog sonder gewere. En elke keer is die hou van inspirasie vir die voortsetting van die Vryheidstryd opnuut gevul met heldemoed en offerdade.

**Die gedrae stryd vir Vryheid is gedurende die vervloë vyftig jaar op die politieke terrein gevoer met die uitheemse Britse wapen — die politieke party.**

### EIE WAPEN

**In die Wonderjaar 1938 toe die Volk homself opnuut gevind het, het hy ook sy eie politieke wapen gevind — die republikeinse Volksbeweging. En sedertdien vorm die Ossewabrandwag die speerpunt van die Vryheidstryd in Suid-Afrika.**

Laat elke Afrikaner op 11 Oktober 1949 — en daarna — innig dankbaar wees vir die tradisie van Vryheid wat ons erfenis is. Laat ons dankbare hulde bring aan die voorgeslagte wat die vryheid liefgehad het en nie geaarsel het om daarvoor te veg nie.

Laat ons opnuut getuig dat ons ook die Vryheid liefhet en laat ons gewillig wees om daarvoor te veg.

Laat ons staan vir 'n Republiek!

## Belange Van Oudvervolgdes Bespreek

By die onlangse kongres van die Bond van oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes in Pretoria is belangrike sake afgehandel en etlike besluite om vir die belange van die manne en hul families te waak, geneem. Ook is nuwe ampsdraers vir die ophande synde jaar gekies en, hoewel hy weens ander verpligtinge tot sy spyt nie die kongres kon bywoon nie, is dr. Van Rensburg eenparig-lik as Erepresident van die Bond herkies.

'n Dinee die aand is deur sowat 250 lede en gaste bygewoon en het aangenaam verloop.

## DIE PRYS VAN DIE OORLOG

Vir elke burger wat op die slagveld van die Tweede Vryheidsoorlog gesneuwel het, het daar vyf kinders in die kampe van die vyand gesterf vir die ideaal van 'n vrye volk en 'n vrye land.

Die amptelike syfers wat na die vrede verskaf is, bevat die volgende besonderhede:

| | |
|---|---|
| Aantal vroue bokant sestien jaar in interneringskampe oorlede ... ... ... ... ... | 4,177 |
| Aantal kinders onder sestien jaar in kampe oorlede ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 22,074 |
| TOTAAL ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 26,251 |

Benewens hierdie sterfgevalle het ook nog 1,676 mans bokant sestien jaar binne die konsentrasiekamp gesterf.

**Die oorlogsverliese was:**

| | |
|---|---|
| Gesneuwel ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 3,990 |
| Gesterf aan siekte op kommando ... ... ... | 924 |
| Oorlede weens ongelukke op kommando ... | 157 |
| Gesterf as krygsgevangenes ... ... ... ... | 1,118 |
| TOTAAL ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 6,189 |



**PAUL KRUGER wat die destyds heersende wêreldmag in die toppunt van sy krag aangedurf het om daarmee die siel van sy volk te red.**

## K.G. SE DANK

**Die K.G., dr. Hans van Rensburg, skryf:**

**Na aanleiding van my onlangse verjaardag het ek van baie kamerade in alle dele van ons land telegramme ontvang om my geluk te wens. Ek wil sover doenlik die telegramme afsonderlik beantwoord en die senders bedank, maar in baie gevalle is daar weens onvoldoende of onduidelike adresse moeilikhede in die weg. Intussen neem ek die geleentheid om langs hierdie weg my opregte dank aan die vriende te betuig en hul van my waardering vir die welwillende gedagte te verseker.**

## Vrugte Van Laer Sedelike Peil

**Daar is vandag meer Britte in die tronk as op enige tyd in die afgelope veertig jaar, volgens 'n verslag van die Britse-tronkkommissarisse, en daar is rede om te glo dat die syfer nog steeds sal styg. Die 20,000 tronkbewoners is nagenoeg dubbel die getal van die voor die oorlog.**

Diefstal en aanverwante misdade is oorheersend, maar dit word nie gepleeg weens gebrek nie. Inteendeel, die meeste oortreders is jeugdes wat goed verdien of kan verdien. Dit geld veral die ouderdomsgroep tussen 18 en 22 jaar.

Die verslag lui dat die algemene daling van die sedelike peil meegebring het dat skaamte en vrees vir die openbare mening verdwyn het. Jong mense wat uitgevra is oor hul misdade het verklaar dat as hulle £15 per week kan verdien, hulle kans sien om misdaad te laat staan. Almal maak geld op oneerlike wyse, en waarom sal hulle nie is die houding.

# KRUGER HET 'N PRAKTIESE BOODSKAP NAGELAAT

**Hierdie week word gekenmerk deur twee belangrike datums: Op 10 Oktober het ons die 124e herdenking van die geboorte van wyle president Paul Kruger gevier; op 11 Oktober het ons die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog, vyftig jaar gelede, herdenk. Hierdie twee datums is baie nou aan mekaar verbonde.**

**Die Anglo-Boereoorlog was die graf van die Boere-republieke en daardie oorlog is gedeeltelik veroorsaak deur die standvastigheid van Paul Kruger. Die beginselvastheid van Paul Kruger het egter veroorsaak dat die Boerevolk nie oorwin is nie, maar net oorweldig. Veel skade is gely, maar die siel is behou; en die gevaar dat ons alles kon behou maar skade ly aan ons siel was destyds baie groot.**

**Deur A. J. van Rooy**

Olive Schreiner het teen die einde van die vorige eeu gesê, en sy was in haar hart 'n Boer: „In fifty years, fight and struggle against it as we wish, there will be no Boer in South Africa speaking the Taal, save as a curiosity: only the great English speaking South African people." Olive Schreiner sou reg gewees het as die Skepper, ook van volke, nie twee faktore beskik het nie: Paul Kruger en die Anglo-Boereoorlog.

Teen die einde van die vorige eeu het Engels baie in invloed toegeneem in Suidelike Afrika. In die Kaap was die onderwys deurgaans Engels. Slegs 11.2 persent van die skole in die hele Kaapkolonie het in 1899 onderrig in Hollands as vak gegee en dit slegs 4 uur per week. Afrikaanse jongdames het te Wellington en Stellenbosch tot 'n baie groot mate verengels. Boereseuns moes maar hulle minnebriewe in Engels skrywe. Vandag tref mens nog ou dames in die Boland aan wat bekend staan as „Miss Daisy" of „Miss Anny" of „Miss Dolly". Dat daar vandag nog in die N.G. Kerk te Drieankerbaai Engels in die aand gepreek word, is 'n oorblyfsel uit daardie tyd. Gaan na die deel van die Woltemade-begraafplaas waar die mense begrawe is gedurende 1896 tot 1900 — die name op die grafstene is wel Afrikaans of Hollands maar die opskrifte is almal Engels. Mens kry eintlik skaam.

Destyds was daar feitlik geen Afrikaanse skryftaal en geen Afrikaanse letterkunde nie. Engels kon welig groei omdat Nederlands nie meer die taal van die Afrikaner was nie.

### REPUBLIKEINS

Ook op politieke gebied het dit in die Kaapprovinsie nie veel beter gegaan as vandag nie. Daar was 'n deel van die Boerebevolking wat met alles tevrede sou wees, solank hulle darem hulle taal kon praat. Die linkervleuel was gelukkig toe al „Republicans and rebels out and out."

Die Afrikanerbond was die Afrikaner se organisasie, ook op partypolitieke gebied. **Maar selfs in 1898 nog het 'n tak aan Goewerneur Milner 'n adres aangebied te Graaff-Reinet waarin gewag gemaak is van hulle lojaliteit. Milner se antwoord was: „Well gentlemen, of course you are loyal. It would be monstrous if you were not." Te belowend het dit alles nie geklink nie.**

In die Vrystaat was daar reeds gelukkig 'n kentering na die meer nuwer Afrikaanse standpunt nadat Reitz, en na hom, Steyn vir Sir John Brand as president opgevolg het. **Maar selfs in 1898 was die Vrystaatse spoorweë nog eentalig Engels en die meisieskool te Bloemfontein, die Eunice, heeltemal Engels.**

### GEHANDHAAF

In Transvaal het die Boere hulle self as sodanig gehandhaaf, maar die Britse vyfde kolonne was baie sterk op die Witwatersrand. Die myne en nywerheid was gotendeels in Uitlandershandel. Chamberlain en Milner was op die loer wanneer Transvaal vir hulle ten prooi sou val. Hulle het veral gehoop dat die Transvaal weens verdeeldheid en wanbestuur ineen sou stort en dat hulle dit so maklik in hande sou kry.

Brittanje was toe die magtigste moondheid op die aarde. Sy seemag was onbetwis en die pond sterling was daardie tyd dio mag wat die dollar vandag is. Dit het waarskynlik gelyk dat die Z.A.R. sou verengels en dat dit dan verder deur ekonomiese en diplomatieke druk 'n vasal van Engeland kon word. In die Witwatersrandse goudmyne was baie Britse kapitaal en dié moes beskerm word.

### KRUGER SE TOESPRAAK

Nou het ons al gesien (in ons vorige uitgawe) hoe die uitslag van die presidentsverkiesing van 1898 vir Milner 'n groot teleurstelling was. Die toespraak van Paul Kruger met sy vierde inswering as president sou egter toon dat hier ten minste geen kans vir verengelsing was nie. **Hy sou nie verengels nie, sy politieke beginsels sou nie verengels nie, en sy staatstelsel sou nie verengels nie.** Paul Kruger het sy toespraak begin met gevleuelde woorde waaruit 'n motto later gekristalliseer het en vandag nog sy betekenis het: „Alzoo aanvaard ik dit ambt in de vreze Gods . . . en wensch des harten om voor Hem te leven en het Volk te regeeren naar Zijnen wil. Mijn ernstig streven zal niet ander zijn dan te beogen het welzijn des Volks, en den vooruitgang, de welvaart en die onafhankelijkheid des LANDS te beschermen." **Dit kan saamgevat word in die woorde: „My God, my Volk, my Land."**

### VOLKSTEM

Paul Kruger was 'n voorstander van die Calvinistiese gesagsbeginsel. Daar word baie keer verkeerdelik beweer dat Kruger gesê het dat die stem van die volk die stem van God is en dat hy dus die valse beginsel van volksoewereiniteit gehuldig het. Wat Kruger egter in hierdie toespraak verklaar het, is letterlik die volgende: „Ik sta hier heden voor U, gehoorzamende aan de stem des Volks in dewelke ik ook meen de stem Gods te herkennen." **Hy was dus in hierdie geval gehoorsaam aan die stem van die Volk — nie weens die gesag van die Volk nie, maar omdat hy gemeen het dat hy die stem van God daarin herken het. Hy wou dus gehoorsaam wees aan God en het aangeneem dat God in hierdie geval tot hom deur die Volk gespreek het. Indien die begeerte van die Volk nie ooreenkomstig die wil van God geblyk het nie sou hy geweier het.**

### TWEE PUNTE

Dit is gewoonlik maklik om iemand iets te laat sê deur gedeeltes van sy toespraak uit hulle verband aan te haal. Tog dink ek dat ons die volgende paragraaf kan aanhaal en getrou bly aan die gees van die hele toespraak van president Kruger:

„Ten slotte wil ik zeggen dat er twee punten zijn, die in het oog gehouden moeten worden, en het tweede zeg ik op grond van Gods Woord. Het eerste punt is, dat gij (die Volksraad) geen zulke voorrechten zult afgeven, die de onafhankkelijkheid zullen benadeelen, en het tweede, dat gij uwe ooren niet zult sluiten voor het gekerm van armen, vreemden of vrienden, doch tracten zult, zulke armen uit de verdrukking te redden, en te helpen uit de net des vogelvangers, en God sal in het midden van ons zijn en ons daarin zegenen. Ja E. A. Heeren, wanneer wij daarin te samen vasstaan en gij mij in die punten zult ondersteunen, dan is het waar dat ‚Eendracht Macht maak' en God sal in ons midden zijn."

### BROER SE WAGTER

Opmerklik is dat Paul Kruger sê dat hulle hom in twee punte moet steun: **die een is die onafhanklikheid van die land, d.w.s. nasionaal; en die ander is om die arme uit die verdrukking te red d.w.s. sosiaal. Hy was deur en deur republikeins en daarby ook sy broer se hoeder.**

**Met hierdie toespraak het Paul Kruger 'n radikale standpunt ingeneem teenoor die imperialis, Milner en die kapitalis, Rhodes. Van die onafhanklikheid van sy land sou geen duimbreedte afgewyk word nie — geen kompromis, geen republiek binne die Britse ryk, geen Brits-parlementêre staatstelsel nie. Verder het hy teen die liberalistiese-kapitalisme van die 19e eeu radikaal stelling ingeneem deur as staatspresident aan te kondig dat hy gaan trag om die „armen uit de verdrukking te redden, en te helpe uit de net des vogelvangers."**

### BEGINSEL

**Hier is beginsel teenoor beginsel gestel, en Milner en Rhodes kon die republieke verpletter, die huise afbrand en vir Kruger in die ballingskap laat sterwe — die beginsel sou bly, en dit bly waar dat as ons mekaar in dié punte ondersteun — te veg vir die onvervalste onafhanklikheid van ons land, en om ons broer se hoeder te wees, sal eendrag mag maak en God sal in ons midde wees.**

### OORWONNE?

Die Anglo-Boere-oorlog het ons oorweldig. Daarna moes die Transvaal en die Vrystaat weer 'n ekonomiese struktuur van vooraf opbou.

Langsamerhand kon dit weer gekied. **Maar daar het dinge verlore gegaan wat ons nie weer teruggekry het nie. Die vernaamste is die staatstelsel van Kruger. En solank ons tevrede bly met 'n ingevoerde vreemde stelsel, bly dit 'n gevaar dat ons nie net oorweldig sal blyk te wees nie, maar ook oorwin.**

### ANGLISISME

Ons volk moet wakker geskud word, want hoewel ons politiek baie aktief is, is ons staatkundig vas aan die slaap. **Hoe sou mens dit anders kan verklaar dat iemand wat so 'n Afrikaner is dat hy 'n pynlike gesig trek indien hy iemand betrap op 'n anglisisme en wat sy kinders na geen ander skool sal stuur as 'n Afrikaanse — dat so iemand saam met ander sy verteenwoordiger stuur na 'n parlement wat 'n replika is van die „House of Commons"? — en dit sonder protes!** En dit terwyl 'n regeringstelsel ontwerp is wat nie net eg-Suid-Afrikaans is en dus beter by ons toestande en probleme sal aanpas nie, maar wat ook van Suid-Afrika 'n modelstaat sal maak.

**Wanneer ons Kruger huldig moet ons onthou dat hy ook 'n eie staatsopvatting gehad het: onderworpenheid aan die wil van God, die absolute onafhanklikheid van sy Land en die redding van die armes uit die verdrukking, Christelike-nasionaal maar ook Christelik-sosiaal.**





„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel,** Posbus 2721, Kaapstad."



NET 'N PAAR ITEMS

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... ... | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

***Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.***

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

**Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071**


## Vergaderings Langs Grootrivier

Genl. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier van die O.B. vertrek aanstaande week op 'n uitgebreide reis langs die Grootrivier. Hy besoek die twee generaalskappe in hoofgenl. J. A. (de Wet) Strauss se afdeling wat onderskeidelik onder bevel van genl. (dr.) F. M. Joubert en genl. Jan Gouws staan. Genl. Laubscher sal O.B.-lede op verskeie vergaderings toespreek, offisiersvergaderings hou en ook optree by geleentheid van Fondsinsamelings.

O.B.-lede word versoek om te let op die volgende reisprogram soos verstrek deur die betrokke bevelvoerende offisiere:

**OKTOBER**

12 4 nm. Kakamas.
13 2 nm. Perde Eiland.
8 nm. Rhenosterkop.
14 4 nm. Keimoes.
8 nm. Kanon Eiland.
15 7 nm. Funksie op die plaas Vredelus van Hoofgenl. Strauss.
17 7 nm. Louisvale.
18 3 nm. Karos.
7.30 nm. Grootdrink.
19 7.30 nm. Buchuberg.
20 7.30 nm. Wegdraai.
21 3 nm. Vergadering Niekerkshoop Kommando.
21 7.30 nm. Vergadering Prieska Kommando.
22 6.30 nm. Groblershoop.

## *Lenings In Vooruitsig*

Mnr. N. C. Havenga, Minister van Finansies, het verlede week na sy aankoms uit Amerika en Engeland aangekondig dat die regering hoop om binne afsienbare tyd lenings van £10 miljoen en £6 miljoen onderskeidelik in Engeland en Amerika te kry.


*Gebruik*

EPOL

GEBALANSEERDE

**RANTSOENE**

*vir*

**Maksimum-Produksie**

*en*

**Groter Besparing**

EPOL

S.A.P.V.

**Pluimvee Mengsels en Pille**

EPOL

**Suiwel- Kalf- en Varkmeel**




VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414

# Daar Is Maar Een Trek En Een Boodskap Uit Die Eeu Van Onreg

**Waarom gedenk ons die Voortrek? Het dit vir ons enige besondere betekenis as volk, as staat? Indien, ja, wat was en is daardie betekenis? Die geskiedenis van wat gevolg het en wat nog volg, vertel ons wat dit was. Daarom kan ons die Voortrek nie as 'n alleenstaande gebeurtenis gedenk nie. Daar was 'n motief, daardie motief, drang, wat alle mense en nasies gegee is: Vryheidsdrang. Die drang en nasiesyn het nie geeindig na die Britse verowering van die eerste republiek, Natalia, nie. Die vuur van vry te wees van alle vreemde bande het voortgebrand en bly voortbrand. Wil jy die Voortrekker huldig, wil jy die Trek gedenk, moet jy dit doen deur sy doelstelling, sy strewe, sy hunkering na onbesmette staatkundige volksvryheid te gedenk.**

Deur J. A. Smith

**Die Voortrekker was wat die gees in hom van hom as stryder en vegter gemaak het. Die Voortrekker was veel meer as 'n avonturier, swerweling, temmer van barbaar en ondier.**

Daarom het daar steeds meer republieke verrys. Daarom is sy stryd voortgesit teen buitelandse en binnelandse magte wat hom aangetas, aangeval het, wat sy vryheid in sy eie volksgesagstaat aangedurf het. Boomplaas, Amajuba, Magersfontein, Colenso staan almal onafskeidbaar van die Voortrek. Daardie monument wat eersdaags onthul word, kan nie 'n gedenkteken wees van die gebeurtenis of gebeurtenisse van een tydperk, of een episode van die volk se stryd om vryheid nie. Die Voortrek was nie net 'n verhuising nie. Dit was en is 'n voortstuwende mag, die vryheid ontketen in 'n volk se siel.

### VRYHEIDSOORLOG

Net so belangrik vir ons nasiewording as wat die spesifieke gebeurtenis die Voortrek vir ons volk is, is die Eerste Vryheidsoorlog. Die stryd was vir dieselfde doel, met dieselfde oogmerk, met dieselfde uitslag: **die bestendiging van die vryheidsgees.**

Die Voortrek verloor alle betekenis as dit as 'n geïsoleerde gebeurtenis in die volksbestaan beskou word. Dit sou wees soos 'n boomstomp wat tot geen stam met takke aangewas het nie. Net so kan ons nie die sege van Amajuba en sy betekenis waardeer, sonder dié van Bloedrivier van die Voortrek nie. **Maar dit is nie die Voortrek as gebeurtenis nie, — dit is die beweging van die volk op mars na sy hoogste bestemming, sy selfbeskikkingsreg, sy nasionale ontwikkeling, sy vryheid, wat saam met die aanvang, die begin daarvan, nl. die Voortrek, wat ons herdenk, stryd en oorwinning, oorwinning en ook neerlaag. Stryd aan elke front, — kultuur, sosiaal, ekonomies, politiek — een groot aksie, een groot weermag, 'n volk wat veg, want dit is nie die einde nie; slegs die begin.**

### VOORAAN

Sewe-en-twintig duisend vroue en kinders, sterf voordat die eeu van stryd, 'n eeu van onreg, van veronregting van die volk, verloop.

**En tussen al die kragsinspanning, kragmeting met kolosse staan in die voortgolwinge van die Voortrek die Tweede Vryheidsoorlog vooraan wat betekenis vir die volkslewe en -strewe betref.**

Van besondere belang sowel as betekenis is hierdie episode in die nog nie eindigende Voortrek. Hier is met die grootste magte en wreedste metodes kragmeting aangegaan teen die onvervreemdbare selfbeskikkingsreg van die Voortrekker. Twee vrye volkstate, (vry van volkskadelike bestuursvorm, vry van die verdeeldheidsaaiende parlementêre stelsel van die Britsisme) — die resultaat van die Voortrek, is met wapengeweld verwoes — **maar ook nie weer uitgewis nie. Dit, die republikeinse ideaal, is net meer bestendig, dieper in die volksiel gegraveer. Groter as gevolg van hierdie gebeurtenis verrys dan die doel en ideaal van die Voortrek.**



Die skrywer wat as jong seun met die wapen geveg het vir die ideaal wat hy bepleit.

### VOORTREKKER-IDEAAL

Dit was 'n noodwendige botsing tussen die Voortrekkerideaal en -lewensbeskouing en Britse Imperialisme. Dit was 'n verseëling, wat ons volk betref, van die republikeinse vryheidsstrewe, wat deur partypolitici verloën staan vandag.

**As dit vir die blanke beskawing, soos algemeen erken word, nodig was dat daar 'n Voortrek sou wees, as die begin van daardie volksbeweging nl. die gebeurtenis van die Voortrek, nodig en goed was, dan is sy ideaal en doelwit ewe noodsaaklik om 'n bestendige blanke beskawing, gegrond op die etiese beginsels van die volksbeweging te verseker. Dan was elke daad en elke offer nodig. En dan word dit van ons, kinders van die Voortrek vereis dat in ons politieke rigting republikanisme voorop gestel word. Dan moet elke geleentheid, elke omstandigheid, elke wapen aangewend word om ons staatkundige en maatskaplike bestaanswyse in ooreenstemming met die politieke begrip van dié van die Voortrekkers te bring.**

### VERGRYP

Dan is die nie-nakoming van daardie erfplig 'n vergryp teen die Voortrekkersideaal en -lewensbeskouing. Dan stap ons minagtend heen en vertrap die duisende vroue- en kindergrafte, offers ter nalewing en behoud van die Voortrekkers se gees wat ons met lippetaal aanprys maar waarvan ons vooraf verklaar dat ons dit nie wil uitleef tot werklikheid soos die Voortrekkers nie.

Politiek, party-politiek ken daardie offers van daardie vryheidstryd net in sover dit in binnekamers, in betonkluise sielloos as museumgoed bewaar word. Dit is die toestand vandag by die inhuldiging van daardie monument buite Pretoria.

### WAAROM BLY?

Waaroor is ons bly, waarom trek ons op na Monumentkoppie? Huldiging? Wat of wie gaan ons huldig? Die Voortrekkers? Maar die Voortrekkers sonder hul republikeinse ideaal, sonder hul nastrewe, hul stryd vir 'n eie volkstaat „van vreemde smetten vry", was net mense so stoflik soos enig ander. **Dit is hul strewe, gees in dade vertolk wat ons huldig, wat ons in die Eerste en die Tweede Vryheidsoorlog nagevolg het, wat ons, wil ons hulle vereer, nou ook moet navolg. Net so verraderlik dit sou gewees het om nie 'n Eerste en Tweede Vryheidsoorlog te voer ter verdediging van daardie Voortrekker-vryheidsideale nie, net so is dit vandag as ons deur middel van ons politieke stryd daardie stryd nie voer nie.**

### EEN BOODSKAP


Was ons getrou soos die volk in 1881 om weer die vryheidsvlag te hys, so getrou soos in 1899—1902 om bloed en goed op die altaar te lê, sou ons nou opgetrek het Pretoria toe om weer die Vierkleur van die Vadere te hys — ere aan die Voortrekkers in opregtheid te doen. **Daar sou net een boodskap gewees het wat alle rapportryers mee voortgejaag het, Pretoria toe: Hys hoog die Vierkleur, erfstuk van die vadere.**

Waarom is ons bly? Waarom trek ons op Pretoria toe? Waar is die republiek van die Voortrekkers? Wat het ons sedert 1902 gedoen vir die heroprigting van die Voortrekker-republiek? Wat is daar anders om oor fees te vier? Omdat die Republiek nie herstel word nie?

## Sendingstasie Waar Dingaan Regeer Het

'n Sendingstasie waar Zoeloe-evangeliste opgelei sal word, is deur die N.G. Kerk opgerig op die eertydse terrein van Dingaan se stad. Die eerste sendeling, eerw. P. P. Stander, is Sondag daar bevestig.

Die terrein van die sendingstasie is geleë op twee plase ter waarde van £45,000 wat vir die doel geskenk is deur twee broers en twee susters, mnr. en mev. Hennie van Rensburg en mnr. en mev. Ben van Rensburg.




**MARTHINUS STEYN wat met gebroke kragte op die puinhope van sy land die gees van sy volk weer opgehef het.**

## GENOEG PETROL VIR FEES, NA VERWAG WORD

Die Minister van Ekonomiese Sake, mnr. Eric Louw, het verlede week gesê dat rantsoenering van petrol waarskynlik eers aanstaande jaar ingestel sal word sodat dit nie inbreuk sal maak op die onthulling van die Voortrekkermonument nie. Daar is nog heelwat organisasie aan die skema verbonde wat nie voor die einde van die jaar gereed sal wees nie.

Intussen is in die staatskoerant aangekondig dat petrolhandelaars maandelikse kwotas in die toekoms sal ontvang wat bereken word op grond van hul voorrade vir die drie maande, Junie, Julie en Augustus.

**● Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!**

GOEDKOOP VEILIGHEID!

Vir so weinig as *'n paar sjielings* per £100 kan u u HUIS en MEUBELS beskerm teen Brandskade en -verlies deur

'n SANTAM-Brandpolis!

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-1a



SM 4029




Rook SPRINGBOK Medium

DIE GELUKKIGE KEUSE

DIE O.B., WOENSDAG, 12 OKTOBER 1949

# DIE STRYD DUUR VOORT

Ons gedenk hierdie week daardie helde-episode wat vyftig jaar gelede afgespeel het toe 'n baie klein volkie — so klein dat baie van sy eie lede nie seker was of dit 'n volk was nie — homself verdedig het teen die grootste agressor van daardie eeu. In hierdie stryd is offers gebring wat nie in terme van enige waardes bereken kan word nie. Hele gesinne het uitgesterf nie omdat 'n ramp hulle getref het nie, ook nie omdat dit onvermydelik was nie, want maar een woord en alles was hulle gespaar gebly. **Dit was 'n doelbewuste keuse, 'n keuse waaraan verhongerde en kinderberoofde vroue hul mans tot aan die einde bly herinner het. As ons hierdie helde-episode wil herdenk, moet ons baie versigtig wees dat ons geen heiligskennis pleeg nie. Ons moet onsself eers afvra wat die doel van daardie keuse was, en as ons nie van plan is om met die nodige erns hierdie diepere betekenis van die stryd na te vors nie, is dit beter dat ons liewer heeltemal vergeet daarvan.**

Maar daarmee is die saak nie afgehandel nie. Ons staan in 'n verhouding tot daardie mense — helde vir sommige maar dwase vir ander — wat ons nie van ons kan afskud nie, net soos geen kind sy afkoms kan ontduik nie. En solank ons nog bereid is om te praat van 'n Afrikanervolk sal ons daardie stryders moet erken as bloed van ons bloed, mense wie se dade ook vir ons betekenis het.

En die eerste vraag wat dan beantwoord moet word, is: **Was die saak waarvoor hulle offers gebring het, die offers werd?** En die tweede: **Is die doel waarvoor hulle geveg en gesterf het, nie reeds bereik nie?**

Die motief van die Vryheidsoorloë kan saamgevat word in hierdie sin: **'n Volk wou homself wees. Homself, daarin dat hy deur middel van sy eie simbole aan die wêreld kon toon dat hy volwaardig is, homself, daarin dat hy sy lewe kon inrig ooreenkomstig sy eie aanleg en karakter en homself, daarin dat hy sy rykdomme vir homself kon aanwend. Dit was 'n basiese reg wat hier verdedig is met die bloed van selfs suigelinge, en 'n basiese reg sterf nimmer, en moet altyd verdedig word omdat enige reg handhawing eis.** Solank ons dus nog bereid is om te praat van 'n Afrikanervolk is dit 'n plig om vir die handhawing van hierdie volk se bestaansreg te veg.

In die tweede plaas moet rekenskap gegee word of hierdie reg nog steeds geskend word — met ander woorde, is die doel waarvoor daar geveg is, nie reeds bereik nie; is ons volksbestaan nie reeds verseker nie?

## HUL EIE GOED

Ons hoef hieroor nie lank uit te wei nie. As simbool van hul volksbestaan het die Republieke 'n eie vlag gehad en aan die hoof 'n president deur hul self gekies, terwyl die volkslewe ingerig was in vorme en stelsels wat die stempel van die volkskarakter gedra het en gepas het by die behoeftes van die volk. **Oor die nageslag van daardie mense wapper vandag 'n vlag waarin geweef is die simbool van hul verowering, en aan die hoof van ons staat troon nog dieselfde kroon in wie se naam die verowering van die Republieke geproklameer is. Solank ons vryheidsimbole vervang moet wees deur kompromis-skeppinge en die stempel moet dra van die veroweraar, en solank ons die septer van die veroweraar in ons hoogste raadsale indra — al is dit op vrywillige hande — solank is dit 'n bespotting van die heilige offers van die verlede om dit voor te hou as die vrug van daardie offers.**

Maar daar eindig dit nie. Ons volk is vandag oorhoeks gedruk — geestelik en stoflik — omdat hy gekneld sit in stelsels wat die veroweraar op hom afgedwing het. Dit is nie net sy regeringstelsel nie, dit is stelsels op elke gebied van ons volkslewe — ons onderwys, ons maatskaplike en ekonomiese lewe. C.N.O., die enigste onderwysstelsel wat ons vaders geken het, word as 'n verskrikker aan die eie volk voorgehou terwyl ons skole weinig meer doen as om sertifikate die lewe in te stuur om die taak van mense te doen. Ons ekonomiese lewe is ingerig volgens die begrippe van 'n afgeleefde wêreld en ons skeppende arbeid word verlam deur organisasievorme en ideologieë wat vreemd is aan ons volk en verwoestend inwerk op ons krag.

**Voordat ons volk nie ten volle vry is om sy lewe in te rig ooreenkomstig sy eie begeertes en behoeftes nie, en voordat ons nie vry is om by ons volksgeleenthede ons eie volkslied te sing en ons eie vlag te laat wapper nie, is die stryd wat vyftig jaar gelede in al die geweld en onmenslikheid uitgebreek het nie, nog nie volstry nie.**

# Engelssprekendes En Ons Geskiedenis

Van Engelse kant word 'n beroep op die Afrikaner gedoen om maar liewer die datum van die Tweede Vryheidsoorlog te vergeet en in die plek daarvan te dink aan die „regte van die mens en die beginsels van Christelikheid." Hierdie houding het in die afgelope halfeeu swaar op die Afrikaner gedruk, want saam met die Engelse was daar ook

*(vervolg in volgende kolom)*

*(vervolg van vorige kolom)*

Afrikaners wat, deur partypolitieke opportunisme ontwortel, bereid was om hul geskiedenis te verkoop vir die veroweraar se welwilwillendheid. Dit pas ons dus om by die herdenking van die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog rekenskap aan onsself te gee oor ons plig teenoor die geskiedenis en ons Engelssprekende naaste.

Daar is baie Engelssprekendes vandag wat al begrip toon vir die Afrikaner se stryd in die verlede deur met groter agting van ons vryheidshelde te praat as 'n aantal jare gelede. Dit was byvoorbeeld verblydend om van 'n rubriekskrywer in een van die Kaapstadse Engelse blaaie 'n paar dae gelede 'n pleidooi te lees ten behoewe van die verskuiwing van die Krugerstandbeeld na Kerkplein. Ons glo dan ook dat die meeste Engelssprekendes in Suid-Afrika uiteindelik hulle ten volle sal vereenselwig met die geskiedenis van ons land en volk namate dit vir hulle duideliker word dat Suid-Afrika 'n selfstandige taak in die volkewêreld het; **en daardie proses sal grootliks verhaas kan word deur 'n uitwendige beklemtoning van Suid-Afrika se selfstandigheid en sy roeping as leidende staat in Afrika. Maar hierdie proses sal oneindig vertraag word solank die meerderheid Afrikaners hoop om deur kruiperigheid die noodsaaklike welwillendheid van die Engelse bevolkingsgroep in die land te wen.**

'n Speningsproses word nie aan die kalf self oorgelaat nie, maar gaan gepaard met skoppe vir hom. En as ons die Engelse in ons land tot ware nasionalisme wil wen, dit wil sê van Engeland speen, moet ons afsien van die beleid om „geen aanstoot" te gee nie — **waarmee eintlik bedoel word dat die eie geskiedenis maar liewer in teenwoordigheid van Engelssprekendes verswyg moet word. Ons geskiedenis moet juis die skoppe wees wat die spening moet bewerkstellig. Want as die Engelssprekende „aanstoot" neem wanneer na die verset teen Brittanje se veroweringss- en gewelddade verwys word, dan bewys dit slegs dat hy daardie dade nog goedkeur, en solank hy dit goedkeur is hy mede-verantwoordelik vir daardie verowering — meer nog, is hy selfs besig om nie net ons land nie, maar ook ons herinnering in Brittanje se belang te verower.**

Die Engelssprekende met die regte gesindheid sal die onreg van sy voormalige vaderland ridderlik erken en daarvoor probeer vergoed deur toegewyde diens en spontane welwillendheid. As Engelse in Brittanje, soos 'n Emily Hobhouse, die veroweringsdade kon afkeur, dan behoort dit tog veel makliker te wees vir Suid-Afrikaansgebore Engelse. Laat ons dan voortgaan om die groot vryheidsdade van ons vaders te herdenk sonder enige kwelling oor wat ons bure daarvan dink Dit is ons voorreg om so 'n edele geskiedenis in ere te hou en dit is ons plig om die lyn van daardie heldestryd te voltooi. En as andere daardie geskiedenis minder mooi vind omdat dit vandag nog hul voorvaderlike gewete kwes, mag hulle uiteindelik daartoe aangetrokke voel om hulle te vereenselwig met diegene wie se saak reg en skoon was.

# Nie-Party-Organisasies Verenig Hul Kragte In Wes-Duitsland

*(Van Ons Korrespondent in Duitsland)*

**Die opkoms van organisasies buite en bo die partypolitiek en die gevaar dat die Kommunistiese Party hom gaan versterk uit die aanhangers van die Sosiaal-demokratiese Party is twee gevaartekens vir die politici wat vandag die bewind voer in Bonn, berig ons korrespondent uit Duitsland. Daar word ook op gewys dat die huidige koalisie-regering onder dr. Adenauer so byna nie tot stand gekom het nie. Tot 'n paar minute voor die Bonnse „regsfees" is nog hewig getwis tussen die partye. In hierdie stryd het nie net die politieke standpunte 'n rol gespeel nie, maar ook die godsdienstige verband van die verteenwoordigers. Dit het baie min geskeel of Adenauer se kabinet het op die laaste oomblik in duie gestort.**

Oor die algemeen is die geheelbeeld in Bonn nie juis vrolik nie: 'n Ortodoks-konserwatiewe regering met 'n paar swak liberale aksente. Vir die opposisie is dit 'n lewende aansporing tot aanhoudende waaksaamheid. Die Duitse volk, en veral die jongere geslag, het wat daar in Bonn plaasgevind het, met toenemende skeptisisme bejeën. Die volk is omgekrap oor die feit dat die kabinet terwille van koalisie-oorwegings op so 'n kunsmatige wyse vergroot is, en dat dr. Adenauer in sy kabinetsbeloftes blykbaar geen rekening gehou het met die Duitse nood en die daaruit voortvloeiende noodsaaklikheid van uiterste spaarsaamheid nie. **Hierdie en dergelike hinderlike verskynsels** — die organisasie van vlugtelinge en bombeskadigdes het nie in aanmerking gekom vir die landslyste nie en kon maar net een afgevaardigde kies — **is nie bereken om die afkeer van die Duitse volk vir die verouderde partye en hul partyprogramme juis te verminder nie.**

## GEVAAR VIR PARTYE

Die eerste waarskuwing aan die partykramers het reeds verrys: **organisasies buite en bo die partye soos byvoorbeeld die Duitse Bond, die noodverenigings in verskillende Wes-Duitse state, die „Daadvereniging van partylose Duitsers", die „Vereniging van vrye Kiesers" en verskeie vlugteling- en bombeskadigde verenigings het so pas in Frankfurt 'n koördinerende raad saamgestel onder wie sulke bekende leiers soos August Hausleiter, dr. Ott, dr. Mattes en andere hulle bevind.**

Die massa-betogings van verdryfde Duitsers in Hanover (80,000) en ander stede met hul besluite, ook aan die besettingsmagte, om verteenwoordigers van die vlugtelinge na die vredeskonferensie te stuur, vorm deel van hierdie prent wat miljoene ontevredenes en teenstanders van die verouderde partye verenig. **Dit is 'n betekenisvolle verskynsel waarmee in die toekoms rekening gehou sal moet word en wat die menere in Bonn geensins durf onderskat nie.**

## KOMMUNISME

Die tweede waarskuwing het intussen uit 'n heeltemal ander hoek gekom, naamlik uit die kamp van die Kommuniste, wat sedert geruime tyd op die loer is vir 'n toenadering met die Sosiaal-demokratiese Party. Dat dr. Adenauer die S.D.P. so skerp afgejak het, was 'n welkome spoorslag vir die Kommuniste om hierdie poging te verskerp. Die voorsitter van die Westelike Kommunistiese Party het nou verklaar — en elkeen weet dat Kommunistiese leiers niks sonder die wil van Moskou doen nie — dat die Kommunistiese Party sy beleid ten opsigte van die Sosiaal-demokratiese Party gewysig het. Die Kommunistiese Party is bereid om met die S.D.P. saam te werk.

## DRYF WIG IN

Dergelike stemme word ook in die Oostelike deel van Duitsland verneem. Wat die toestand des te bedenkliker maak is die onlangse uitlating van die koerant Neues Deutschland dat indien die stryd om die nasionale bevryding van Duitsland tot 'n geslaagde einde gevoer moet word, daar onderskei moet word tussen die gewone lede en die leiers van die Sosiaal-demokratiese Party. Dit beteken dat daar 'n wig ingedryf word tussen dr. Schumacher wie se anti-kommunistiese standpunt bekend is, en sy aanhangers. Of dr. Schumacher in staat sal wees om hierdie gevaar die hoof te bied sal nie in geringe mate nie daarvan afhang of die regering by die oplossing van die groot maatskaplike vraagstukke gebruik sal maak van die opbouende beskouings van die opposisie. Die eerste Bundestag-debatte waarin dr. Schumacher die aangekondigde regeringsbeleid skerp aangeval het was egter 'n voorsmaak van wat van Bonn verwag kan word.

## ENGELAND

**Maar ook die besettingsmagte, en veral Engeland, behoort hierdie waarskuwing nie te lig op te neem en die moeilikhede van Duitsland deur sy onbesonne aftakelings van lewensnoodsaaklike bedrywe nog te vererger nie.** Intussen het Engeland ook nie nagelaat om die verset teen hierdie kortsigtige aftakelingsbeleid in sy propagandaveldtog uit te buit as gevaarlike nasionale verskynsels en daardeur die versoenende houding van die buiteland opnuut weer in die teenoorgestelde rigting te beïnvloed nie. Waartoe hierdie en dergelike optredes eindelik sal lei, sal die toekoms ons en ook vir hulle moet leer.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op ,,Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per** 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

**TRUTER.**— Aan Komdt. en Mev. F. C. Truter, Pampoenkraal, Moorreesburg, 'n fris seun op 1 Oktober.
12/10/1

## DOODBERIG

**DU TOIT.**— Heengegaan na 'n lyding van enige weke, ons Vader en Oupa, Stephanus Francois. Diep betreur deur Annie, Albert, René en Fanus, ,,Avondson", Brëerivier.
12/10/1

## ALGEMEEN

**,,BERGHEIM" — Vakansieoord, Posbus Kroondal, RUSTENBURG. Telefoon 1023, Rustenburg.**
Goeie smaaklike etes, elektriese lig, binneveermatrasse, water in kamers, perdry, beste swembad, tennis en ander sport. Mooiste plek van omgewing. Terme redelik. —
**K. J. H. Behrens.**

## TE KOOP

**BOERMEEL** met ons bekende steenmeule gemaal 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — Lê-meel 26/6; Melkmeel 22/6; Vark-vetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kombuisstowe met skoorsteenpype: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-. Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.

**HONDE.**—Kelpie-teef, jaaroud, 30/-; reuntjies maand oud 30/- stuk. K.m.b., gelewer Klein Brak.—**J. de Villiers,** Brandwacht, Mosselbaai.
5/10/2B

Kamerade aandag! **Hiers Varke — Speenvarke.** Van die allerbeste. Ek verkoop hulle en vertrou op u steun. Grootwit en grootswart 5 tot 7 weke 42/- stuk. Grootwit 5 weke 40/- stuk. **V.O.S. Seven Oaks, Natal. Johann Möller.**
5/10/3

**WATTELPALE EN SPARRE.** —
Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk.
Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk.
Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas.
Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes £2 15/- per 1000, met bas.
Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: **L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown.** Kontant met bestelling.
31/8/TK

## GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.
6—4TK

## GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg.
D/1/9/49

## MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg.
B/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg.
(Nr. 3) 1/9/49

## MARK AGENTE

**Kamerade! Aandag!**
Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: ,,Blank S.A." Foon 1063.** As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig.
21/9/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyté, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad.
3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

## SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.
19/1/TK

**G. .A FICHARDT**
**Bpk.**
**HANDELAARS**
BLOEMFONTEIN

## PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown**


# BESONDERHEDE VAN JEUGLAERTREK TE PRETORIA

Onderstaande is belangrike besonderhede in verband met die Boerejeug-laertrek te Pretoria in Desember.

(1) Die Boerejeug hou vanaf 12 tot 18 Desember, 1949, 'n Uniale Laertrek by die Voortrekkermonument, Pretoria. Die laertrek is vir alle kinders bo 10 jaar.

(2) Laerfooi vir 7 dae is £1 10s. per persoon. Wanneer daar meer as een kind uit dieselfde huis die laertrek bywoon, sal korting toegestaan word.

(3) Persone wat die laertrek wil bywoon, wat nie-lede van die Boerejeug is, moet vir hulle eie reiskoste, heen en terug, sorg. Na gelang van plaaslike omstandighede mag 'n offisier kinders met



laer- en reiskostes help uit die Boerejeug-kas.

(4) **REISKOSTES:** (Kaapstad na Pretoria en terug)

(a) Skoliere onder die ouderdom van 16 jaar £3 0s. 3d.

(b) Skoliere en studente van 16 jaar en ouer £5 0s. 4d.

(c) Volwassenes en persone wat toesig hou £8 0s. 6d.

Hierdie is teen die spesiale eksursie-tarief. Persone wat nie saam met die Boerejeug terug kom nie of wat hulle reis met die terugkom wil onderbreek, moet die gewone tariewe betaal. Offisiere word ernstig versoek om onmiddellik met hulle naaste stasiemeester in verbinding te tree en uitvind wat die tariewe is vanaf die stasie waar hulle sal opklim. KAAPLAND se laergangers kan opklim by die volgende plekke: KAAPSTAD, WELLINGTON, BEAUFORT-WES, DE AAR en KIMBERLEY. **VRYSTAAT EN TRANSVAAL** se Offisiere moet asseblief reël dat hulle groepe by die naaste stasies aansluit sodat almal op die 12de Desember te Pretoria aankom. **KAAPLANDSE OFFISIERE** MOET EGTER GEEN PLEKKE BESPREEK OP TREINE NIE. ALLE REëLINGS IN HIERDIE VERBAND WORD DIREK VANUIT KAAPSTAD GEDOEN. Vind asseblief net uit wat die reiskoste is, sodat u weet wat die bedrag is wat u moet inbetaal vir reiskoste. Tye van treine vir Kaapland word later bekendgemaak.

(5) Alle Boerejeuglaergangers moet in die amptelike Boerejeug-uniform die laertrek bywoon. (Besonderhede aangaande die uniform verskyn aanstaande week in DIE BOEREJEUG.)
Seuns wat gladnie die amptelike Uniform kan bekostig nie, sal toegelaat word om khaki-klere te dra. Almal moet egter die amptelike hoed besit.

(6) Offisiere word toegelaat om enige nie-Boerejeuglid wat hulle geskik ag uit te nooi om saam met ons te gaan kamp. Die voorwaardes is egter dat sodanige persone hulleself vir die tydperk van die laertrek moet beskou as Boerejeug-lede moet beskou. Rig ook onmiddellik aan u plaaslike skoolhoof 'n versoek om aan te kondig dat sy leerlinge saam met die Boerejeug na Pretoria mag gaan.
Indien enige wil saamgaan moet hulle onmiddellik met ons kontak maak.

(7) Besonderhede oor laerbenodigdhede word later bekendgemaak.

(8) Ouers wat van voorneme is om saam met hulle kinders die Boerejeuglaer by te woon, moet hulle name onmiddellik aan Boerejeug-hoofkwartier verstrek asook besonderhede van hoeveel kinders onder 10 jaar saam met hulle gaan.

(9) **Elke laerganger moet voor die einde van OKTOBER hulle laerfooie en reiskoste aan Boerejeughoofkwartier stuur. Dit is uiters belangrik aangesien geen plek bespreek sal word voordat ons die reisgelde ontvang het nie. Boerejeug-lede moet egter met hulle offisiere skakel in verband hiermee, om duplisering te voorkom.**

ALLE BESONDERHEDE MOET GESTUUR WORD AAN BOEREJEUGHOOFKWARTIER, POSBUS 3471, KAAPSTAD.

**Soos Ons Lesers Dit Sien**

# VOLKSPOLITIEK IN PLAAS VAN PARTYPOLITIEK

**Mnr. M. J. Palm, Bellard, Bethlehem, skryf:**

Ek is nie 'n koerantskrywer nie, maar ek is verplig om nou die pen te vat en genle. Theron en die verskillende sprekers op Caledon se puik funksie geluk te wens, waar hulle die spykers so raak op die kop slaan om die vloek van ons volk — partypolitiek — uit te wis. En dit te vervang deur die ware volkspolitiek waarvoor ek gebore is.

Dit was my grootste beswaar die eerste dag toe ek gevra was om aan politiek deel te neem; verwerp eers die partystelsel, was my versoek, en kom met 'n volkspolitiek dan is ek reg.

Daarom is ek vandag A.P. en O.B. juis om die Afrikaners saam te snoer vir die partylose staat. Waar daar vandag so dikwels in die parlement 'n beroep gemaak word om die saak tog as 'n volksaak te behandel, is dit dan nie dom van ons hele parlement om te erken dat die partystelsel 'n vloek is en darem bly vaskleef daaraan nie?

Nee, Afrikaners hou aan met die gesonde beleid vir 'n Volksregering en 'n Vrye Republiek en ons sál seëvier. Aanhouer wen.

# MOOI FUNKSIE TE JOUBERTINA

Op Uitvlught, die plaas van veldt. en veldkte. Roelof Oelofsen, is Saterdagaand, 1 Oktober, 'n baie geslaagde O.B.-funksie gehou deur die Opkomst-Kommando. Van alle kante het O.B.-lede en ander belangstellendes aangedoen. Die stemming wat geheers het, was een van kameraadskap en eensgesindheid.

Die jongklomp het die aand opgehelder met musiek, sang en speletjies. Lekkernye en braaivleis het ook nie ontbreek nie. Ons voel oortuig dat as meer sulke funksies gereël word, dit die jeug sal aanmoedig om by die O.B. aan te sluit.

'n Aansienlike bedrag is op hierdie aand byeengebring.

—(Ingestuur).

# VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk.

**OKTOBER**

16 Anna Slabbert, Hugenoot, Paarl.
Jannie Nortjé, Oudtshoorn.
Tina du Preez, Rustenburg.

17 Anne-Marie Wiid, Stellenbosch.
Maryna Lambrechts, Paarl.
Du Toit Grobbelaar, Wellington.
G. Hammond, Oudtshoorn.

18 Rita Liebenberg, Paarl.
Martha Lamprecht, Oudtshoorn.
Johannes Venter, Groot Marico.

19 Martha van Deventer, Frankfort.
Gert du Toit, P.K. Matoooster.

20 David Keyser, Loxton.
Jean Coetzer, Cedarville.
Suria Hofmeyr, Franschhoek.
Joubert Sharp, Oudtshoorn.
Betsie van Wyk, Rustenburg.
Jannie Vermeulen, Luckhoff, O.V.S.

21 Jan Smit, Loxton.
Henri Malan, Wellington.
Tielman Nieuwoudt, Vryburg.
Johanna Botha, Middelburg, Tvl.
Sagrya Eloff, Matooster.

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

# IS U 'N REPUBLIKEIN?
# Dan is DIE O.B. u blad

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van............................................

vir die eerste..............................maande.

**NAAM:** ............................................................
**(Naam en Adres in Blokletters)**

**POSADRES:** ............................................................

............................................................

............................................................

***Handtekening.***

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
***Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.***

